# DIE BERGLAND

Ons word gemaan om te soek na die ou paaie, die goeie weg, en daarin te wandel (Jer. 6:16, Jes. 35). Die ou paaie dien tot die wederoprigting van alle dinge wat deur Babilon afvallig geraak het van die weë van JaHUaH (Hand. 3:21).

Ons word dus gewaarsku om uit Verborge Babilon te kom, sodat ons nie ook die plae sal ontvang wat dit wel gaan ontvang nie (Open. 18:4). Babilon, die kop van die Beeld in Dan. 2, het o.a. ook uitgeloop op twee religieuse bene, twee paaie van geloof. Een is westers en een is oosters.

Van een het ons 'n Roomse erfenis ontvang, en van die ander een 'n Judaïstiese erfenis. Maar die Skietlood van die Waarheid waarvolgens ons moet bou, is nie een van die twee uiterstes nie, maar dit hang reguit af, in die middel van hierdie twee bene (Amos 7:7 – 8).

As ons nie saam met die Beeld wil val wanneer die Koninkryk van die Hemel aanbreek nie (Dan. 2:44 – 45), sal ons die suurdeeg van die Leuen moet uitsif en toesien dan ons dit met Waarheid en Reinheid vervang (1 Kor. 5:7 – 8).

Om die Waarheid te kies, is om soos Kaleb, die Bergland te kies (Jos. 14:12)... 'n keuse wat ook van 'n Gelowige 'n teiken sal maak.

Hoeveel mense sien 'n mens wat besig is om die Berg op te gaan, en hoeveel is daar onder in die vallei?

Daar is min wat die berge aandurf, maar elkeen wat dit doen, is duidelik sigbaar vir diegene wat onder is. Sò sigbaar dat elkeen op die berg, 'n maklike teiken word vir die pyle van kritiek uit die boë van wanpersepsies wat nie stand hou by die lig van die Skrif nie.

Tog het hierdie wanpersepsies so 'n lekker "tuiste" geword (Matt. 7:26 – 27), dat dit traumaties word vir die inwoners daarvan om te dink hulle moet dit agter laat om die Waarheid in besit te neem. Maar sulke pyle en aanvalle van kritiek skenk tyd aan die persoon wat dit afskiet. Tyd, om sy gemaksone langer te kan geniet.

Dit is ook koste effektief wanneer die prys van die Waarheid bereken moet word, omdat die prys van die Waarheid gewoonlik ongemaklik duur is wanneer dit aanvaar sou word (Mark. 10:28 – 31). Dit kos jou iets!

Sou iemand die persoon op die Berg kan aanvat, doen hy immers "iets goeds vir die koninkryk", en onmiddellik is die gewete gesalf, en die verwonding wat die Klimmer kry lyk meer na iets goeds wat gedoen word as na kwaad (1 Joh. 3:13, 1 Joh. 4:5, Open. 12:9, Open. 13:3b).

Geestelik is ons òf op die Berg, besig om boontoe te klim, òf onder in die vallei waar die meeste mense is. Ons maak self daardie keuse (Ps. 95:7 – 8, Heb. 4:7).

Die Bergland is in die woestyn, dis 'n alleen-plek. Net jy en een of twee metgeselle op die pad boontoe, julle en… die Groot Herder (Heb. 13:20). Dis juis hier waar die Woord oopgebreek word.

Soos dit gebeur met JaHUsha en die twee Emmausgangers (Luk. 24:13 - 35). Net Hy en hulle en die Woord. Hy breek sy Woord-brood waar diegene wat JaHUaH vrees, bymekaar is om Hom in Gees en in Waarheid te aanbid (Mal. 3:16, Luk 24: 13 – 53, Joh. 4:24).

Dis alleen ja, en stroom-op, want net dooie visse swem saam met almal die stroom af sonder om die dieptes van die Waarheid te soek. Meeste gelowiges is heeltemal gelukkig om oorgelewerde kennis vir die Waarheid te aanvaar, want dit kos tyd en energie om die Waarheid na te speur (Heb. 12:1 – 3).

Immers, daarvoor is daar mos opgeleide Teoloë en volop Predikers (ook deesdae op die internet), wat die Skrif dan ken. Hulle sal ons mos die regte pad kan wys, dan nie? Hulle is mos betroubaar en hulle is tog in ooreenstemming met mekaar. So baie Predikers kan tog nie almal dwaal nie, kan hulle?

Dit kan wees, Geliefde, dat jou herders of predikers die Waarheid het, maar dit kan ook wees, dat wat hulle leer, hulle meer geërf, as ingepalm het (Jer. 14:14, Judas vers 10 – 13, 2 Pet. 2).

Laat dit egter nie jou probleem wees nie. Al verantwoordelikheid wat die Gelowige het, is om by JaHUsha self te leer (Matt. 11:28 – 30). Hy is immers die Woord en die Woord is Hy (Joh. 1:1, 14).

Dis elkeen se eie verantwoordelikheid om die Waarheid na te speur (1 Pet. 2:2), soos wat mens na kosbare skatte sou soek (Matt. 6:19 – 21), skatte wat diewe nie kan steel nie.

Met sodanige gesindheid, sal die Gees wel die Skrif vanaf Genesis tot Openbaring, saam laat getuig aangaande die Waarheid (2 Tim. 2:15).

Maar dis net hier waar die probleem lê. Gesindheid. Wat is die gesindheid van die mens?

Mense is vreesagtig dat hulle die Waarheid nie self sal kan kry nie, en dan klou hulle maar vas aan wat bekend is.

Of mense se program is eenvoudig net so vol weens prioriteite (Luk. 10:38 - 42), dat hulle dit nie kan bekostig om dit eers te oorweeg dat hulle leuens vir waarheid glo nie. Want waar moet so 'n mens nou die tyd kry om dit na te vors? Sonder deeglike navorsing kan niemand se leringe tog as bog afgemaak word nie. Dit is dus makliker om die Waarheid wat hulle konfronteer dan sommer net dadelik in die vuilgoedblik te gooi, asof dit "gemorspos" is.

Dit kan ook wees dat mense dalk ‘n teleurstelling gekry het in hulle soeke na die Waarheid, dat iets nie gemanifesteer het soos hulle geglo het nie, en nou is dit veiliger om die leuen te bly glo, eerder as die Waarheid wat die Skrif uitbasuin.

Dan het mens jou vertroue op mense geplaas, op die arm van vlees en nie op die Waarheid van die Skrif nie (Jer. 17:5 -6).

Dit kan selfs wees dat mens al ‘n stel afgetrap het in die soeke na die Waarheid met iemand anders wat foute gemaak het in hùlle uitlewing of prediking van die Skrif, … maar dis ons wat ons oë in vertroue op JaHUaH as die Waarheid moet hou en nie op mense nie (Jer. 17:7 – 8).

Is mense se gesindheid dus dat hulle nie mislei wil word nie, en nou gaan hulle dit liewer nie waag om saam met JaHUsha op die water van die Waarheid te loop nie. Is dit vir hulle: “ ’n donkie stamp nie sy kop tweemaal nie”?

Tog word ons hartlik genooi in Jak. 1:5 om van die Almagtige wysheid te verkry, met ‘n belofte om nie te verwyt te word nie, maar wysheid in eenvoud te mag ontvang.

Die internet is ‘n weelderige gebied van navorsing, maar nie altyd so betroubaar ten op sigte van die Waarheid nie. Gaan liewer die weg van die ware lig, die geïnspireerde Skrif (2 Tim. 3:16). Daar sal mens ware lig kry.

Die Waarheid kom vat aan die mens se eie “ek”. Dit kan wees dat mens die “ek” moet neerlê om die Waarheid te kan vat (Fil. 2:5 -8). Om te kan sê: “Ek was verkeerd”. Vir iemand wat in die openbaar ‘n platform het, kan dit ‘n baie moeilike keuse wees.

Tog kan mens steeds nie die Boodskappers van die Waarheid, diegene wat al hoër op die berg geklim het, stenig as ons nie van die boodskap hou nie. Ons moet mekaar liefhê soos JaHUsha ons liefgehad het (Joh. 15:9 - 27).

Maar kan dit wees dat mens dalk sê: ‘Nee, nee, dit gaan nou weer ‘n sterwe wees om die Skrif se pad te loop en ek wil graag die laaste sê hê; ook het ek nou in elk geval al hierdie handige verse gekry wat ek graag as swaarde wil gebruik om die Boodskapper mee te straf omdat hy dit durf waag het om my harmonieuse geloofsnessie te kom bedreig’.

Pasop, as mens iemand graag in die rug wil steek, is dit dalk net omdat hy vòòr jou is as ‘n Klimmer op die Berg van die Koninkryk van die Hemel.

Die vraag bly staan:

> Is die mens leerbaar genoeg om lig vanuit die Skrif te ontvang? Maak die mens sy mond wyd genoeg oop dat die Afgesonderde Gees van JaHUaH dit kan vul, nadat daar opgetrek is uit Egipte (Ps. 81:11)?

Of geld hierdie Skrif in Ps. 81:12:

> "Maar My volk het na My stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie."

Terwyl mense dus nog nie seker is wat die Waarheid is nie, is hulle bereid om daarop te wag totdat dit vir hulle in plek val (Joh. 14:26)? Is hulle bereid om dit so 'n bietjie op te hang aan 'n hakie totdat die kaf van die koring geskei kan word en dìt alles sonder om die Boodskapper te stenig?

Dis diè gesindheid wat die deur vir die Waarheid sal oopmaak. So 'n gesindheid sal altyd loon ontvang op sy tyd, want die Gees is werksaam vir diegene wat op Hom wag (Jes. 64:4). Daar is oorgenoeg lig in die Skrif wat die Waarheid bevestig (Ps. 119:105).

Dis nie nodig om angstig of opstandig te word nie, gaan net dag vir dag. Dis òns wat tekort skiet aan begrip en insig.

'n Leerbare gesindheid vind mens by iemand wat nie vrees om die Waarheid te ontdek nie, omdat hy die Waarheid liefhet, want JaHUsha is die Waarheid, asook die Weg en die Lewe (Joh. 14:6).

Ongeag waar die pad van die Waarheid loop, die liefde vir JaHUshua, jou Verlosser, sal jou op hierdie pad neem (Joh. 15:9).

Mense met hierdie gesindheid is die Oorblyfsel waarvan die Skrif praat (Jer. 23:3, Miga 5:7, Rom. 9:27, Hand. 15:17).

Dis diegene wat jy op die Berg sal kry, besig om te klim sonder om om te kyk, sonder om op mense te fokus. Dis hulle wat jy alleen in die bergagtige woestyn sal kry, soos Elia en Johannes, die Wegbereiders vir die Messias (Luk. 1:17, Luk. 3:4).

Dis hulle wat so ryk is van die vreugde van die Waarheid, dat hulle soms onnadenkend en oorywerig met ander hulle skatte wil deel, net om afgejak en verjaag te word, deur die einste mense vir wie hulle lief is en vir wie hulle waarlik omgee, maar wat tog so versluierd is (Job. 24:15, Jes. 15:7, 2 Kor. 3:13 – 18).

Dis hulle wat sulke wrede behandeling trotseer en dit maar weer vergewe, hoewel dit tog diep verwond. Die Boodskapper word beloon met verwerping net omdat hy genoeg omgee vir 'n geliefde, 'n vriend of vriendin of 'n medegelowige om met hulle die Waarheid te wou deel (Joh. 15:16 – 19).

Die Boodskapper het 'n poging aangewend om die kosbare, koel en onbesoedelde Lewende Water van die Waarheid van die Woord aan te gee.

Maar so is JaHUsha ook verwond en geslaan in die huis van Sy vriende (Sag. 13:6). En ‘n dienskneg is nie groter as sy Meester nie. As hulle JaHUsha vervolg het, sal hulle Sy volgelinge, Sy Boodskappers, ook vervolg, omdat hulle uit die wêreld uitgekies is, en deur die wêreld gehaat word, ter wille van Sy Naam (Joh. 15:18 - 21).

Moet ook nie vergeet nie, JaHUsha was self ook in die Woestyn, in die Bergland. Die Woord is dus in die Woestyn en op die Berg. Die Woord van die Waarheid is dus nie noodwendig waar die groot samedromming is nie.

Nee, Geliefdes, die poort is nou en die pad is smal wat na die Lewe lei en daar is min wat dit vind (Matt. 7:14)!!

Maar as mens jouself tans juis in die Woestyn bevind, skynbaar alleen op die Berg, net jy en die Waarheid, weet dan, dat jy nie alleen is nie. Net soos met die Emmausgangers, is JaHUsha by jou (Luk. 24:24:15, 35).

Al beleef jy fisies net die eensaamheid, vermoeiing en stryd van die Pad van die Waarheid, is jy geestelik in die Paradys in gemeenskap met jou Skepper… totdat die tyd sal aanbreek om in die Beloofde land in te gaan en totdat die fisiese en geestelike realms weer een word in JaHUsha.

Dààr is geen woestyne nie (Jes. 35:1 – 2) en die toppunt van die Berg van JaHUaH is dan reeds bereik (Jes. 2:2, Deut. 32:13, Deut. 33:29).

Daar is geen vervolgers meer nie, net harmonie en versadiging van vreugde voor die aangesig van JaHUaH (Jes. 35:9 – 10). Nie eers een slegte herinnering nie, kommer en gesug vlug weg!

Ja, Hy maak jou voete soos diè van herte en Hy laat jou tree op Sy hoogtes, soos wat net ‘n Bergbok kan doen (Hab. 3:19).

JaHUsha is die enigste WEG, die enigste WAARHEID en die ware LEWE. Volg Hom, en Hom alleen.

**Net JaHUsha alleen!**

0-0-0-0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2011